



Alfabetiese volgorde

Vraag 1: Rangskik die volgende woorde in alfabetiese volgorde;

1. plek; piekfyn; parmantig; pragtig; partytjie; plaas; plesier; praat; piekniek
-
-

2. staan; stamp; stadig; stapel; stroop; stamboom; strate; statig; strompel
-
-

3. braaivleis; brom; brousel; brandblusser; brandrissie; broodjie; broodmes;
-
-

4. Vallei van Sluiers; Plek van die Vleisvreters; Kyknet Fiestas; Vlug na Egipte; Kêrels wat Kook; Kyknet Aktueel
-
-

5. angstig; alleman; amper; anker; anders; amfiteater; aansteek; angs; alleen;
-
-

Vraag 2: Sophie het die volgende woorde probeer rangskik in alfabetiese volgorde.
Herrangskik die woorde wat nie in die korrekte alfabetiese volgorde is nie;

1. lammetjie lamppaal lampie lampskerm



Sophie

--	--	--	--

2. doring dorpie droog dors

--	--	--	--





Voornaamwoorde

Vraag 3: Klassifiseer die onderstreepte woorde in die volgende sinne. Gebruik die blok hieronder om jou te help;

Persoonlike voornaamwoord

Aanwysende voornaamwoord

Besitlike voornaamwoord

Betreklike voornaamwoord

Onbepaalde voornaamwoord

Vraende voornaamwoord

1. **Watter** diere sal jou laat wip van die skrik?

Tipe voornaamwoord: _____

2. Die Gila-akkedis beweeg baie stadig en **hy** val baie selde mense aan.

Tipe voornaamwoord: _____

3. Die Goliat-tarantula maak **sy** nes ondergronds in die oerwoud.

Tipe voornaamwoord: _____

4. Voor hulle aanval, vryf die spinnekoppe **hulle** pote teen mekaar.

Tipe voornaamwoord: _____

5. **Hierdie** spinnekoppe spoeg sappe wat help om die prooi te verteer.

Tipe voornaamwoord: _____

6. **Almal** weet dat slange baie gevaarlike diere is.

Tipe voornaamwoord: _____

7. Die Grootwithaai, **wat** bekend is vir **sy** dodelike byt, probeer eintlik net homself beskerm.

Tipe voornaamwoord: _____

Tipe voornaamwoord: _____

8. Die wyfie spinnekop beskerm **haar** eiers van ander roofdiere.

Tipe voornaamwoord: _____

9. **Hoe** weet 'n mens of 'n slang giftig is of nie?

Tipe voornaamwoord: _____

10. **Niemand** weet of 'n mens moet weghardloop of stilstaan as jy **hulle** sien nie.

Tipe voornaamwoord: _____


Tipe voornaamwoord: _____



Voornaamwoorde

Vraag 4: Taal in Konteks

Hieronder is 'n uittreksel uit 'n strokiesprent waar Uil die diere 'n les in gesondheid wil leer. Gebruik jou verbeelding en voltooi die drie spraakborrels. Elke spraakborrel moet ten minste tien woorde hê, waarvan ten minste drie voornaamwoorde moet wees;



This comic strip was created at MakeBeliefsComix.com. Go there to make one yourself!

Spraakborrel nommer 1: _____

Spraakborrel nommer 2: _____

Spraakborrel nommer 3: _____

Vraag 5: Vul die ontbrekende voornaamwoorde in;

Almal van ons in Graad 6 moet 'n taak maak oor beroemde, geværlike diere. _____ klas moet 'n taak maak oor spinnekoppe en _____ gaan _____ taak maak oor die Goliat-tarantula.

Die reuse spinnekop vang gewoonlik nie voëls nie, maar _____ sal kan as _____ wil.



Die tarantula bespring _____ prooi en spuit _____ vol gif met _____ giftande.

My vriendin se klas maak 'n taak oor geværlike voëls. _____ gaan _____ taak maak oor die Europese ooruil. Blykbaar is die kinders in _____ klas vies, want _____ sê daar is baie minder geværlike voëls as spinnekoppe!

In elk geval dink _____ _____ taak oor die Goliat-tarantula gaan die heel beste in die Graad wees!

Memo:

Vraag 1: Rangskik die volgende woorde in alfabetiese volgorde;

1. plek; piekfyn; parmantig; pragtig; partytjie; plaas; plesier; praat; piekniek
parmantig; partytjie; piekfyn; piekniek; plaas; plek; plesier; praat; pragtig
2. staan; stamp; stadig; stapel; stroop; stamboom; strate; statig; stompel
staan; stadig; stamboom; stamp; stapel; statig; strate; stompel; stroop
3. braaivleis; brom; brousel; brandblusser; brandrissie; broodjie; broodmes;
braaivleis; brandblusser; brandrissie; brom; broodjie; broodmes; brousel
4. Vallei van Sluiers; Plek van die Vleisvreters; Kyknet Fiestas; Vlug na Egipte; Kêrels wat
Kook; Kyknet Aktueel

Kêrels wat Kook; Kyknet Aktueel; Kyknet Fiestas; Plek van die Vleisvreters; Vallei van
Sluiers; Vlug na Egipte
5. angstig; alleman; amper; anker; anders; amfiteater; aansteek; angs; alleen;
aansteek; alleen; alleman; amfiteater; amper; anders; angs; angstig; anker

Vraag 2: Sophie het die volgende woorde probeer rangskik in alfabetiese volgorde.
Herrangskik die woorde wat nie in die korrekte alfabetiese volgorde is nie;

1. lammetjie lampie lamppaal lampskerm
2. doring dorpie dors droog

Vraag 3: Klassifiseer die onderstreepte woorde in die volgende sinne. Gebruik die blok
hieronder om jou te help;

1. Watter diere sal jou laat wip van die skrik?
Tipe voornaamwoord: **Vraende voornaamwoord**
2. Die Gila-akkedis beweeg baie stadig en hy val baie selde mense aan.
Tipe voornaamwoord: **Persoonlike voornaamwoord**
3. Die Goliat-tarantula maak sy nes ondergronds in die oerwoud.
Tipe voornaamwoord: **Besitlike voornaamwoord**
4. Voor hulle aanval, vryf die spinnekoppe hulle pote teen mekaar.
Tipe voornaamwoord: **Besitlike voornaamwoord**
5. Hierdie spinnekoppe spoeg sappe wat help om die prooi te verteer.
Tipe voornaamwoord: **Aanwysende voornaamwoord**

- 6.** Almal weet dat slange baie gevvaarlike diere is.
Tipe voornaamwoord: **Onbepaalde voornaamwoord**
- 7.** Die Grootwitaai, wat bekend is vir sy dodelike byt, probeer eintlik net homself beskerm.
Tipe voornaamwoord: **Betreklike voornaamwoord**
Tipe voornaamwoord: **Besitlike voornaamwoord**
- 8.** Die wyfie spinnekop beskerm haar eiers van ander roofdiere.
Tipe voornaamwoord: **Besitlike voornaamwoord**
- 9.** Hoe weet 'n mens of 'n slang giftig is of nie?
Tipe voornaamwoord: **Vraende voornaamwoord**
- 10.** Niemand weet of 'n mens moet weghardloop of stilstaan as jy hulle sien nie.
Tipe voornaamwoord: **Onbepaalde voornaamwoord**
Tipe voornaamwoord: **Persoonlike voornaamwoord**

Vraag 4: Taal in Konteks

Hieronder is 'n uittreksel uit 'n strokiesprent waar Uil die diere 'n les in gesondheid wil leer. Gebruik jou verbeelding en voltooi die drie spraakborrels. Elke spraakborrel moet ten minste tien woorde hê, waarvan ten minste drie voornaamwoorde moet wees;

Eie werk—Voorbeeld:

Spraakborrel nommer 1: As julle almal so hard oefen soos hy, sal julle baie gesond wees.

Spraakborrel nommer 2: Hoe bly diere gesond? Julle moet oefen en dink wat julle eet!

Spraakborrel nommer 3: Ek oefen niks nie en ek eet nie groente nie, maar my gesondheid is tops!

Vraag 5: Vul die ontbrekende voornaamwoorde in;

Almal van ons in Graad 6 moet 'n taak maak oor beroemde, gevvaarlike diere. **Ons** klas moet 'n taak maak oor spinnekoppe en **ek** gaan **my** taak maak oor die Goliat-tarantula.

Die reuse spinnekop vang gewoonlik nie voëls nie, maar **hy** sal kan as **hy** wil.

Die tarantula bespring **sy** prooi en spuit **hom** vol gif met **sy** giftande.

My vriendin se klas maak 'n taak oor gevvaarlike voëls. **Sy** gaan **haar** taak maak oor die Europese ooruil. Blykbaar is die kinders in **haar** klas vies, want **hulle** sê daar is baie minder gevvaarlike voëls as spinnekoppe!

In elk geval dink **ek my** taak oor die Goliat-tarantula gaan die heel beste in die Graad wees!